Heidelbergse Kategismus

Sondag: 5

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 5

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?	Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word. Daarom moet ons òf deur onsself òf deur ’n ander ten volle betaal.
Vraag 13: Kan ons deur onsself betaal?	Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter.
Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?	Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie. Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.
Vraag 15: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek?	Antwoord: So een wat ’n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is..

Heidelbergse Kategismus — Sondag: 5

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word.



Genesis 2:7: het die HERE God die mens met stof uit die grond gevorm, en in sy neus die asem van lewe geblaas. So het die mens 'n lewende wese geword.

Eksodus 20:5: Jy mag nie voor hulle in aanbidding buig nie, en jy mag hulle nie dien nie; want Ek, die HERE jou God, is 'n besitlike God, wat kinders laat boet vir die sondeskuld van ouers, selfs die derde en vierde geslag van hulle wat My verwerp

Eksodus 23:7: Van vals beskuldigings moet jy wegbly. Die onskuldige en regverdige moet jy nie om die lewe bring nie, want Ek sal 'n skuldige nie regverdig verklaar nie.

Esegiël 18:4: Kyk, alle lewens – aan My behoort dit. Soos die lewe van die seun, so ook die lewe van die vader – aan My behoort dit. Die persoon wat sonde doen, dié moet sterf.

Lukas 16:2: Hy het hom toe ingeroep en vir hom gesê, 'Wat is dit wat ek van jou hoor? Doen verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer my bestuurder wees nie.'

2 Tessalonisense 1:6: Dit is inderdaad vir God reg om diegene wat julle verdruk, met verdrukking te vergeld

Vraag 12: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word. Daarom moet ons òf deur onsself òf deur ’n ander ten volle betaal.



Matteus 5:26: Amen, Ek sê vir jou: Jy sal beslis nie daar uitkom voordat jy die laaste kwadrant betaal het nie

kwadrant: Die dagloon van ’n arbeider het bestaan uit 64 kwadrant;
Geldeenhede NT.

Romeine 8:3–4: Wie in hulle sondige aard bly, kan God nie tevrede stel nie.

Vraag 13: Kan ons deur onsself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter.



Job 4:18–19: Kyk, as Hy selfs in sy dienaars nie sy vertroue stel nie, en sy boodskappers blameer vir dwaling, hoeveel te meer geld dit dan hulle wat in huise van klei woon, met fondamente in die stof? Vinniger as ’n mot word hulle platgetrap.

Job 9:2: As iemand graag ’n regstryd met Hom wil voer, sal hy hom nie eers een uit ’n duisend keer kan verweer nie.

Job 15:15–16: Kyk, God stel selfs in sy heiliges nie vertroue nie – ook die hemel is nie rein in sy oë nie – hoeveel minder ’n mens wat afstootlik en ontaard is, wat ongeregtigheid soos water drink!

Psalm 130:3: As U sondeskuld toereken, HERE – my Heer, wie kan dan staande bly?

Matteus 6:12: En vergeef ons ons skulde, soos ook ons hulle vergeef wat teenoor ons skuldig staan.

Matteus 16:26: Wat sal dit ’n mens dan baat as hy die hele wêreld as wins bekom, maar sy lewe verloor? Of wat sal ’n mens gee as losprys vir sy lewe?

Matteus 18:25: Omdat hy nie kon terugbetaal nie, het die heer beveel dat hy, asook sy vrou en kinders en alles wat hy besit, verkoop word en dat die skuld so terugbetaal moes word.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie.



Genesis 3:17: Vir die mens het Hy gesê: "Omdat jy geluister het na jou vrou se stem, en geëet het van die boom waarvan Ek jou beveel het, 'Jy mag nie daarvan eet nie!' is die grond deur jou toedoen vervloek. Met swaarkry sal jy daarvan eet, solank jy leef;

Esegiël 18:4: Kyk, alle lewens – aan My behoort dit. Soos die lewe van die seun, so ook die lewe van die vader – aan My behoort dit. Die persoon wat sonde doen, dié moet sterf.

Vraag 14: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie. Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie.



Psalm 130:3: As U sondeskuld toereken, HERE – my Heer, wie kan dan staande bly?

Nahum 1:6: Wie kan staande bly voor sy verontwaardiging, wie kan sy brandende toorn weerstaan? Wanneer sy woede uitbars soos vuur, spat rotse voor Hom uiteen.

Heidelbergse Kategismus Sondag: 5

Vraag 15: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat ’n ware



1 Korintiërs 15:21: Want aangesien die dood deur ’n mens gekom het, kom die opstanding van dooies ook deur ’n mens

Nahum 1:6: Wie kan staande bly voor sy verontwaardiging, wie kan sy brandende toorn weerstaan? Wanneer sy woede uitbars soos vuur, spat rotse voor Hom uiteen.

Vraag 15: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat ’n ware en regverdige



Hebreërs 7:26: So ’n hoëpriester was ook vir ons gepas: een wat heilig, onskuldig, onbevlek, afgesonder van die sondaars, en hoër as die hemele verhef is,

Vraag 15: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat ’n ware en regverdige mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is.



Jesaja 7:14: Daarom sal my Heer self vir julle ’n teken gee: Kyk, die jong vrou is swanger, en gaan ’n seun in die wêreld bring. Sy sal hom Immanuel noem.

Jesaja 9:5: Want ’n Kind is vir ons gebore, ’n Seun is aan ons gegee. Die heerskappy is op sy skouer. Hy word genoem: Wonderbare Raadgewer, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

Jeremia 23:6: In sy dae sal Juda verlos word, en Israel sal veilig woon. En dit sal sy naam wees wat Hy genoem word, ‘Die HERE is ons geregtigheid.’ ”

Lukas 11:22: Maar as daar iemand aankom wat sterker as hy is, en hom oorrompel, neem so iemand die volle wapenrusting af waarop die sterk man vertrou het, en verdeel die buit.

Romeine 8:3–4: Dit waartoe die wet, verswak deur ons sondige aard, nie in staat was nie, het God gedoen: Deur sy eie Seun vanweë die sonde in die gestalte van ’n sondige mens te stuur, het Hy die sonde in die mens veroordeel, sodat die vereiste van die wet in ons vervul kon word, ons wat nie volgens ons sondige aard leef nie, maar volgens die Gees.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 5

SONDAG:5 – VRAAG EN ANTWOORD: 12

Vraag: Aangesien ons volgens die regverdige oordeel van God die tydelike en ewige straf verdien het, hoe kan ons van hierdie straf bevry en weer in genade aangeneem word?

Antwoord: God wil dat daar aan sy geregtigheid voldoen word[1]. Daarom moet ons òf deur onsself òf deur ’n ander ten volle betaal[2]

1 Genesis 2:7; Eksodus 20:5; Eksodus 23:7; Esegiël 18:4; Lukas 16:2; 2 Tessalonisense 1:6

2 Matteus 5:26; Romeine 8:3–4

SONDAG:5 – VRAAG EN ANTWOORD: 13

Vraag: Kan ons deur onsself betaal?

Antwoord: Nee, glad nie; ons maak juis ons skuld elke dag nog groter[1].

1 Job 4:18–19; Job 9:2; Job 15:15–16; Psalm 130:3; Matteus 6:12; Matteus 16:26; Matteus 18:25

SONDAG:5 – VRAAG EN ANTWOORD: 14

Vraag: Kan enige ander skepsel vir ons betaal?

Antwoord: Nee, want ten eerste wil God aan geen ander skepsel die skuld straf wat die mens gemaak het nie[1]. Ten tweede kan geen gewone skepsel die las van die ewige toorn van God teen die sonde dra en ander skepsels daarvan verlos nie[2].

1 Genesis 3:17; Esegiël 18:4

2 Psalm 130:3; Nahum 1:6

SONDAG:5 – VRAAG EN ANTWOORD: 15

Vraag: Hoe ’n middelaar en verlosser moet ons dan soek?

Antwoord: So een wat ’n ware[1] en regverdige[2] mens is, maar nogtans ook sterker as alle skepsels is, dit wil sê wat terselfdertyd ware God is[3].

1 1 Korintiërs 15:21

2 Hebreërs 7:26

3 Jesaja 7:14; Jesaja 9:5; Jeremia 23:6; Lukas 11:22; Romeine 8:3–4

Kopiereg

© 2026